

KAMPUS NEWS



MARK KOOPMAN 'n Helpende hand

Prof Eugene Cloete's
wheelchair experience

US vier 20 jaar
van demokrasie

An icy adventure with
Prof Anthony Leysens

Wêreldklas-musici
in die Endlersaal

My Kampus: Mark Koopman – 'n helpende hand	3
Prof Piet Naudé is nuwe USB-direkteur	4
Ooreenkoms vir veiligheid	5
Van Zyl Slabbert se versameling by US	6
Paul Sauer-gebou vier 50 jaar	7
Prof Eugene Cloete's "Wheelchair Wednesday"	8
MGD-program inspireer	9
US vier 20 jaar van demokrasie	10
Prof Anthony Leysens' icy endeavour	11
The art of democracy	12
Kampuslewe: Eet, lees en luister	13
Mentorprogram vir studente-welwees	14
Chatting to Prof Michael Samways	15
Brokkies in Beeld	16



9



10



15

Redakteur: Wayne Muller
 Voorbladfoto: Stefan Els
 Bladontwerp: SUN MeDIA
 Drukkerwerk: SUN MeDIA
 Advertisings: Conita Henry
 tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
 Redaksionele bydraes aan: Die Redakteur,
 Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
 faks: 021 808 3800,
 e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
 of wmuller@sun.ac.za



UNIVERSITEIT
 STELLENBOSCH
 UNIVERSITY

Wayne



VAN DIE Redakteur

Thinking anew and changing perspectives are some of the things universities do best. Especially through research we create new knowledge which changes the way the world thinks.

At Stellenbosch University, staff members are constantly confronted with situations that alter their thinking and it changes us all, even if it is only in a small way. This month, *Kampusnuus* tells you stories about enlightening experiences.

On page 8, we chat to Vice-Rector Prof Eugene Cloete about "Wheelchair Wednesday" – the day that he spent two hours in a wheelchair while still doing his work at the office. He tells us how these two hours made him think about those things we take for granted.

Fiela Snell van Kayamandi het haar Graad 9 voltooi deur 'n program van Maties Gemeenskapsdiens en is aangewys as die beste student. Sy vertel op bladsy 9 hoe hierdie program geleentheid vir haar skep en haar lewe aansienlik verander.

Die koms van demokrasie in 1994 het ons ganse land verander en niks sou ooit weer dieselfde wees nie. Vanjaar vier Suid-Afrika 20 jaar van demokrasie, en by die US vier ons dit ook. Lees op bladsy 10 oor die geleentheid wat in Mei gehou is en hoe ons vir die res van die jaar hierdie groot mylpaal sal gedenk.

Kampusnuus also chats to Prof Anthony Leysens of Political Science about his icy trail running experience in Poland – an extreme challenge that was a life-changing experience for him. Read more on page 11.

Prof Michael Samways, chair of the Department of Conservation Ecology and Entomology, gives a fresh perspective on love and nature in a new book released in May. With a title like *Alchemy of Love: Finding love, harmony and happiness* it's sure to be an interesting read. He tells us more on page 15.

Geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus*.

KAMPUS klets

We really hope that this initiative (to reconsider evening tests and exams) as well as hopefully other security measures will keep our children safe. As parents we are very concerned about our daughter's safety on campus, especially when she has to write tests in the evenings and sometimes only finishes at 21:30 or 22:00. After the recent incident which took place when a student was kidnapped but luckily escaped, it is really an alarming situation! The trauma caused by this is horrible for the victim but just as much for all the other students. Thank you.
 – Jeanette Brynard

(Met verwysing na die US se heroorweging van eksamens en toetse saans. Sien ook bladsy 7.) Enige inisiatief om die veiligheid van studente te verseker word sterk ondersteun. Ek neem aan dat hierdie voorstel nie die enigste sal wees nie. – F Hendrikz

You are welcome to write to *Kampusnuus*. Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physical address (not for publication). *Kampusnuus* reserves the right to shorten and edit letters. Comment on our SU Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter ([stellenboschuni](https://twitter.com/stellenboschuni)).

Prof Piet Naudé's appointment is awesome news! (See page 4.) Congrats, Prof Naude. I know that you are going to make huge inroads as director of the Business School.
 – Helen Wright

SU's 20 years of democracy celebration was absolutely stunning! (See page 10.) More humour on campus will be nice. Evita Bezuidenhout was brilliant! – Ursula Petersen


Prof Simon Schaaf, so stil-stil ontvang jy 'n nasionale orde. (Sien bladsy 7.) Welverdiend en baie geluk. Ons as skoolvriende is trots op jou bydrae wêreldwyd!
 – Jenine Jemima Bence



Watched the @StellenboschUni choir last night and wow, they are incredible! Ashamed I never saw them while I was studying there. – Lize Hartley

'n Helpende hand

As een van die bekendste gesigte by die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Teologie, bied Mark Koopman deur sy kopieerwerk en ander werksaamhede al vir meer as 25 jaar 'n helpende hand aan dosente en studente. Deur ALEC BASSON.



My werk by die Fakulteit Teologie behels onder meer ... die maak van kopieë vir die verskillende departemente en die hantering van interne en eksterne pos. Ek was voorheen verantwoordelik om massas kopieë van voorgraadse en nagraadse materiaal, wat tesse ingesluit het, te maak. Vandag word dit deur privaatpersone gedoen. Behalwe vir kopieerwerk, verleen ek bystand by funksies, konferensies en verskeie ander aktiwiteite wat by die fakulteit plaasvind. In dié verband moet ek sorg dat sale en lesingslokale skoon en reg is, en die gebou binne netjies en skoon is. Vroeër het ek ook ná ure die fakulteit se buitelandse besoekers van en na die lughawe vervoer.

Ek geniet my werk by die fakulteit ... omdat ek gereeld nuwe mense, veral studente van ander dorpe en lande, ontmoet. Ek kry daaglik met mense van ander kulture, tale en agtergronde te doen en dit is vir my lekker om met hulle te kommunikeer en my ervaringe met hulle te deel. Die kultuur en gees wat onder teologie-studente heers, maak dit die moeite werd om elke dag op te staan en werk toe te gaan.

So tussen die werk deur ... kry ek ook darem kans om deelyds aan die US te studeer. Ek is dankbaar vir die universiteit en die fakulteit vir die geleentheid om die BTh-kursus in Jeugwerk te kan volg. Ek is so tussen eerste, tweede en derde jaar en geniet die kursus baie. Dit is egter nie so maklik soos wat dit klink nie, want ek het 'n gesin wat ook aandag moet kry. Ek bly egter positief en glo ek sal bo uitkom.

Om van werk en studies te ontsnap ... draf ek gereeld en neem ook aan marathons en ultra-marathons deel. Ek hou baie van draf en hardloop al vir 26 jaar. Ek kon selfs daarin slaag om my hele gesin by dié sport te betrek. In 2011 het ek my agtste Comrades-marathon en sewentiende Twee Oseane-marathon voltooi. Ek het ook al verskeie toekennings en pryse gewen.

Wat die pad vorentoe betref ... wil ek graag my studies voltooi en terselfdertyd ook op my eie manier ander US-personeel aanmoedig om gebruik te maak van die geleenthede wat die Universiteit aan sy werkers bied.

Foto's: STEFAN ELS



Piet Naudé nuwe direkteur by USB



Prof Piet Naudé

Prof Piet Naudé, bekende akademikus, openbare spreker, rubrieksrywer en tans adjunk-visekanselier van onderrig en leer by die Nelson

Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU) in Port Elizabeth, is as direkteur by die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB) aangestel. Hy beskik oor meer as twintig jaar se bestuurservaring by 'n universiteit.

Prof Russel Botman, US-rektor, beskryf Naudé se aanstelling as die begin van 'n opwindende fase by een van die vlagskip-departemente van

die US se Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Naudé het al sy kwalifikasies, insluitend 'n doktorsgraad in teologie en 'n meestersgraad in filosofie, met onderskeiding aan die US behaal. Hy is tot vandag die enigste student wat president van die studenteraad was en terselfdertyd die Kanseliersmedalje as beste finalejaarstudent ontvang het.

Hy het sy loopbaan in 1980 as 'n deelydse junior lektor in filosofie by die US begin, en is sedert 2012 'n buitengewone professor by die US.

Naudé is sedert 1992 by die voormalige Universiteit van Port Elizabeth en nou NMMU betrokke. Hy het destyds as dekaan by die Letterefakulteit daar begin. Hy was van 2008 tot 2011 die eerste voltydse direkteur van die NMMU se bestuurskool. Daarna is hy as viserektor en lid van die NMMU se uitvoerende bestuursplan

aangestel. In sy vroeë loopbaan was hy 'n predikant in die NG Kerk.

Naudé sê hy is verheug om die volgende USB-direkteur te wees en hy sien daarna uit om op 1 September te begin. "Ek sien daarna uit om met alle belangegroepes saam te werk om die reputasie van die USB te versterk as 'n plek wat aan die voorpunt staan van die jongste hoëvlak-bestuurskennis en wat terselfdertyd as 'n bron van sosiale ontwikkeling en hoop dien vir diene wat uitgesluit is van die voordele wat die ekonomie bied."

Naudé beklemtoon dat hy die US se huidige visie en spesifiek die USB ten volle steun. Hy is gretig om die bestuurskool se voetspoor in Afrika uit te bou, om nuwe virtuele leergeleenthede ten volle te benut, en om die USB se projekte vir sosiale betrokkenheid, soos die Kleinsake-akademie, te versterk.

New registry highlights shortcomings in renal therapy



Prof Razeen Davids

Prof Razeen Davids, head of the Division of Nephrology at SU, recently released the first report of the new South African Renal Registry.

The registry was established by Davids and Dr Julian Jacobs on behalf of the South African Renal Society. This report is the first official report since 1994 that describes the provision of dialysis and transplantation for patients with end-stage kidney disease in South Africa.

"The registry is quite a milestone for us in the South African Renal Society because we have been without official data on transplantation and dialysis in the country for about 20 years," says Davids, who serves on the Society's executive committee and chairs the registry with Jacobs.

"The aim of this registry, and in fact all disease registries, is to study the

course of the disease, and variations in treatments and outcomes. In our case we are especially interested in disparities in the delivery of care," says Davids.

The new report describes the situation of dialysis and transplantation, also referred to as renal replacement therapy, in South Africa as at the end of 2012. Although the establishment of the registry is a great achievement, the report paints a bleak picture of the provision of renal replacement in South Africa. There are 191 treatment units listed for the country's population of 52,3 million, of which most are in the private sector.

In 2012, there were around 8559 patients receiving renal replacement therapy, which translates to a treatment rate of 164 per million population – this is on par with some of the poorer countries in the world.

"We are very far from where we need to be, and even though we have competing priorities, such as HIV/Aids and crime, we need to allocate more resources to treating our patients with end-stage kidney disease," says Davids.

Prof Dzama heads food production programme

Stellenbosch University will play an instrumental role in a new Food Security Centre of Excellence (CoE) that was launched at the University of the Western Cape recently.

SU, with lead researcher Prof Ken Dzama, will host the Food Production Programme under the theme of "food creation". Dzama is also part of the Management and Executive Committee (MANCO) of the centre, which consists of eight top senior professors drawn from participating universities who will oversee the research programme of the centre.

The Food Security CoE is a virtual centre comprising of several South African and international universities, science councils and international organisations.

Dzama, from the Department of Animal Sciences in the Faculty of AgriSciences, has been involved in the crafting of the CoE proposal from the very beginning.

US en munisipaliteit teken ooreenkoms oor veiligheid

Ons neem saam verantwoordelikheid vir hierdie dorp en sy veiligheid.

Dit was die boodskap van die ondertekenaars van 'n memorandum van samewerking tussen die Stellenbosch Munisipaliteit en die US, wat op 8 Mei by die munisipale kantore in Pleinstraat onderteken is.

Conrad Sidego, uitvoerende burgemeester en prof Russel Botman, US-rektor, het die ooreenkoms namens die munisipaliteit en die US onderteken. Die ooreenkoms verbind die munisipaliteit en die US tot "samewerking op die gebied van kringtelevisie ter beveiliging van die dorp en die kampus met die vooruitsig van 'n misdaadvrye universiteitsdorp".

Volgens die ooreenkoms is die twee vennote reeds verbind tot samewerking op verskillende gebiede, insluitende samewerking tussen die verskillende wetstoepassings- en sekuriteitsagentskappe. Albei vennote beskik oor kringtelevisiesistels wat aangewend word vir pro-aktiewe monitering van hoërisiko-omgewings en misdaadoplossing. Die grenslose kampus- en dorpsgebied, gedeelde strewe na 'n misdaadvrye dorp en die feit dat beide oor kringtelevisie beskik,



Prof Russel Botman en Stellenbosch-burgemeester, Conrad Sidego, onderteken die ooreenkoms.

Foto: STEFAN ELS


baan die weg vir samewerking tussen die munisipaliteit en die US.

Die partye onderneem onder meer om mekaar te konsulteer en te ken tydens die beplanning, posisionering en uitbreiding van kringtelevisiesistels, om beeldmateriaal onderling beskikbaar te stel ter bevordering van misdaadoplossing en om kameraposisies, prosedures, praktyke

en geklassifiseerde inligting met die strengste vertroulikheid te hanteer.

Botman het gesê die US deel die verantwoordelikheid teenoor die dorp en sy mense en ook die probleme en risiko's wat daarmee saamgaan. "Die ooreenkoms help ons om aan die dorp 'n boodskap te gee dat ons saam na mekaar kyk en dat niemand aan misdaad uitgelewer is nie."

Slamat contributes to international report



"This is the biggest, most comprehensive work on community university engagement ever, and I consider it a privilege to have

been approached to be a contributor," says Dr Jerome Slamat, Senior Director: Community Interaction at SU.

He was one of only three South Africans who contributed to a recent report by the Global University

Network for Innovation (GUNI).

The report, which forms part of the GUNI Series on the Social Commitment of Universities, is a product of three years' research with contributions by 73 authors worldwide. It is published by Palgrave MacMillan.

The gist of the report is that higher education institutions should continue to drive social change and help create a better world in the 21st Century.

Titled *Higher Education in the World 5 – Knowledge, Engagement and Higher Education: Contributing to Social Change*, the report explores the ways in which people understand the roles

and potential roles of knowledge, civil society and higher education institutions in creating a just and sustainable world.

Comprising six major parts, it is the most comprehensive report to date on the global dimensions of community university engagement.

Slamat says the insights contained in the GUNI report confirm his long-held contention that "knowledge-based community university engagement holds considerable promise for the sustainability of the university in the 21st century and could turn out to be an unlikely source of regeneration for the institution called the university".

Prys na ontslape Gerrit Brand genoem

Die bestuur van die Andrew Murray-prysfonds het 'n nuwe skrywersprys bekend gemaak wat genoem is na die ontslape US-teologiese dosent dr Gerrit Brand, asook Emeritus-Aartsbiskop Desmond Tutu.

Die Desmond Tutu-Gerrit Brand-

prys sal toegeken word vir opkomende of debuutskrywers in enige amptelike taal van die land. Die fonds ken reeds die Andrew Murray-prys vir Afrikaanse Christelike en teologiese boeke, sowel as die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys jaarliks toe.

Brand is verlede jaar in die ouderdom van 42 oorlede, en was van 2010 dosente in sistematiese teologie aan die US. 'n Boek oor Brand se bydrae tot teologie, *Godverlanger*, is ook onlangs uitgegee, met Robert Vosloo en Willem de Vries as redakteurs.

Van Zyl Slabbert se versameling by US

Die dokumentêre nalatenskap van dr Frederik van Zyl Slabbert, bekende anti-apartheidspolitikus, is in April vanjaar in die Dokumentesentrum van die JS Gericke-biblioteek opgeneem.

Dié aankondiging is gemaak by die derde jaarlikse Frederik Van Zyl Slabbert-erelesing wat deur Jay Naidoo, voormalige minister in deesdae direkteur van die Global Alliance for Improved Nutrition (GAIN), gelewer is.

Die versameling sluit onder meer Slabbert se boeke in, asook korrespondensie en dokumente wat met sy beroepslewe en belangrike gebeure in die onstuimige Suid-Afrikaanse politiek verband hou, onder meer die stigting van die *Vrye Weekblad*, die Afrikaanse anti-apartheidskoerant, en talle akademiese geskrifte.

Slabbert was 'n opposisie-leier, politieke ontleder, sakeman, patriot en aktivis vir maatskaplike en politieke verandering. Hy was 'n studenteleier, koshuishoof, dosent én kanselier van die US. Hy het die land se geskiedenis

help vorm en sal veral onthou word vir sy visie om lede van die apartheidsbestel, Afrikaanssprekende sakelui, studenteleiers en akademië, sowel as verbanne bevrydingsbewegings in 1987 in die Dakar-vergadering byeen te bring.

“Die versameling herinner ons aan die Matie-student en denkleier wat deurgaans inklusief, innoverend en toekomsgerig was,” het prof Russel Botman, US-rektor, gesê.

Slabbert se dogter Tania het gesê met die viering van 20 jaar van demokrasie bied haar pa se werk 'n noodsaaklike nalatenskap en 'n belangrike historiese konteks vir so baie van die sosiale, ekonomiese en politieke uitdagings wat die land nog



Riko en Jane Slabbert, onderskeidelik seun en weduwee van Frederik Van Zyl Slabbert, saam met Jay Naidoo by die Frederik Van Zyl Slabbert-erelesing.

in die gesig staar. Tydens die erelesing het Naidoo studente daarop gewys dat hulle meer mag het as wat hulle dink en 'n beroep op hulle gedoen om aktiewe burgers te wees. Naidoo het gesê daar is die afgelope 20 jaar baie vordering gemaak, maar hy het korrupsie onder staatsamptenare en hul arrogansie betreur en bygevoeg daar lê nog baie werk voor.

New leader for SU horticulturalists



Dr Lynn Hoffman. Photo: ENGELA DUVENAGE

Continuous solutions to industry specific problems, training of students who can add value to commercial agricultural activities, and the expansion of already

excellent industry partnerships – these are the objectives envisaged by Dr Lynn Hoffman, new chairperson of the Department of Horticultural Sciences at SU.

Hoffman's research focuses on the cultivation and export of cut

flowers, and especially fynbos species. She follows in the footsteps of Prof Karin Theron, who after ten years as departmental chair will now take on a stronger research role at the University. Theron will do focused research into the use of mechanisation in the pre-harvest activities of, among others, the fruit industry.

“We place emphasis on producing undergraduate and postgraduate students who have outstanding practical and theoretical knowledge to make a difference in the fruit and cut flower industries,” says Hoffman about the studies offered in the department, which is currently the only one in the country with a strictly horticultural training programme.

Hoffman serves as treasurer of

the Southern African Society for Horticultural Sciences (SASHS), and is treasurer and secretary of the International Protea Association (IPA). She was also, until recently, president of the South African Protea Producers and Exporters Association (SAPPEX), which has now been transformed into Cape Flora SA.

Hoffman, who hails from the Overberg, has been working at SU since 1998, after teaching at the University of Limpopo and doing research for the Department of Agriculture at Roodeplaat near Pretoria.

She says the Department of Horticultural Sciences has recently started a process of recirculation to review the training offered to agriculture students.

Green Fund maak toekennings aan US

Die US het onlangs drie groot kontrakte met die Green Fund, 'n program wat onder die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika val, onderteken. Dit is die eerste keer dat toekennings van dié fonds aan die US gemaak word.

Die drie toekenningshouers

is prof Johann Görgens van die Departement Prosesingenieurswese (R2,5 miljoen), prof Gerhard Venter van die Departement Meganiese Ingenieurswese (R1,06 miljoen) en prof Marina Rautenbach van die Departement Biochemie (R3,2 miljoen).

Volgens Comelia Malherbe, Bestuurder: Navorsingskontrakte van die Afdeling Navorsingsontwikkeling by die US, het die Green Fund 'n eenmalige oproep vir projekvoorstelle gemaak nadat hulle R30 miljoen van die Ontwikkelingsbank ontvang het.

PGIO launches MatieBuddy Programme

As of the second semester in 2014, the Postgraduate and International Office (PGIO) will manage a buddy programme for new incoming international exchange students at SU.

The MatieBuddy Programme will form an integral part of the Stellenbosch experience for many international students.

The programme sets out to promote cultural exchange between

local Maties and their exchange counterparts, giving them the chance to exchange diverse ideas, opinions and lifestyles.

Werner de Wit, Coordinator: International Student Life and Success at the PGIO and responsible for coordinating the MatieBuddy Programme, says by pairing up local and international students, they make sure that all new international exchange

students receive help and feedback from students at SU, before, during and after they have settled in Stellenbosch.

The buddy will help ease culture shock and give an "insider" perspective and experience on Stellenbosch student life.

The MatieBuddy programme will assist international students from before their arrival in Stellenbosch.

US-navorsers ontvang Nasionale Orde



Prof Simon Schaaf

'n Pediatriese TB-navorsers en klinikus van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, prof Simon Schaaf, het op 27 April die gesogte Nasionale Orde

van Mapungubwe (silwer) van president Jacob Zuma ontvang.

Hierdie orde gee erkenning aan Suid-Afrikaners vir uitnemendheid en uitstaande prestasie tot voordeel van Suid-Afrika en verder. Dit erken Schaaf se uitstekende bydrae tot die gesondheidswetenskappe, het dr Cassius Lubisi, kanselier van die Nasionale Ordes en Direkteur-Generaal van die Presidensie gesê. "Sy fokus

op middelweerstandige tuberkulose word gesien as baanbrekerswerk in die bestuur van die siekte."

Oor die toekenning sê Schaaf: "Dit is 'n groot eer en dit erken al die werk wat die span by die US se Desmond Tutu TB-Sentrum in die behandeling van middelweerstandige TB by kinders oor die jare ingesit het."

Hy is een van die fakulteit se twee A-gegradeerde wetenskaplikes.

Paul Sauer-gebou vier 50 jaar

Die Paul Sauer-gebou, wat die US se Departement Bos- en Houtkunde huisves, het op 15 Mei sy 50ste verjaardag gevier.

Dié E-vormige gebou is op 15 Mei 1964 deur die destydse minister van bosbou, Paul Sauer, ingewy en is vir net R180 000 opgerig danksy finansiële en boumateriaalskenkings vanuit die bedryf.

Die gebou se argitek, JB Collins, was sy tyd vooruit deur ruim gebruik te maak van volhoubare boumateriaal en -tegnieke wat deesdae gewild raak binne "groen"-argitektuur.

So kom al die hout wat in die gebou gebruik word uit hernieubare plantasies in die Wes-Kaap. Die tafels in die laboratoriums is van gelamineerde dennehout (*Pinus radiata*) gemaak. Die meeste binnemure is van sapele-panele gemaak wat verskuiwings in die uitleg van kantore vergemaklik, asook meer energiebesparend is as standaard bakstenmure.

Die gebou was oor die jare die tuiste van vele eerstes op kampus: die US se eerste rekenaarnetwerk is hier geïnstalleer, asook die eerste elektronmikroskoop. Dit is tans die tuiste van die enigste industriële-skaal



Studente en personeel van die Departement Bos- en Houtkunde het saam die 50ste verjaardag van die Paul Sauer-gebou gevier. Foto: ANTON JORDAAN

X-straal-rekenaartomograaf (ook bekend as 'n CT-skandeerder), wat deur die US se Sentrale Analitiese Fasiliteit bestuur word.

Onderrig in bos- en houtkunde het in 1932 aan die US begin. Die US is steeds die enigste tersiêre instelling in Suid-Afrika wat graadkursusse in houtprodukkunde, bosbou en natuurlike hulpbronne bestuur aanbied, en sodoende onderrig verskaf aan onder meer bosboukundiges, houtprodukkundiges, hulpbron-,

plantasie- en houtontginningsbestuurders.

Tans bied die departement onderrig aan sowat 70 voorgraadse en 30 nagraadse studente, waarvan talle van verskillende Afrika-lande kom.

Volgens Anton Kunneke van die Departement Bos- en Houtkunde word allerlei aktiwiteite beplan om die 50-jarige bestaan van die gebou te vier.

Meer inligting oor die gebeure sal eersdaags deur die departement bekend gemaak word.

In someone else's chair

As part of the Wheelchair Wednesday challenge, Vice-Rector Prof Eugene Cloete recently spent two hours doing his work from a wheelchair. He shared his experience with ILSE ARENDSE.

Always put yourself in someone else's shoes. If you feel that it hurts you, it probably hurts the person too. And that is exactly what Prof Eugene Cloete, Vice-Rector (Research & Innovation), recently did when he took up the challenge to spend two hours in a wheelchair.

The challenge called Wheelchair Wednesday and organised by the Helderberg Association for Persons with Disabilities, is designed to make people aware of the daily challenges faced by wheelchair users.

Cloete says the fact that he had a son with a disability had made him more aware and sensitive to the issue of disability. Yet, doing this challenge has given him a renewed insight.

"You know how life works – it's easy to talk but a different ballgame when you have to do something yourself."

He says his Wheelchair Wednesday experience started early that morning. "I had to put some thought into what I was going to wear so that I could move without restriction."

"I truly believe that we can learn more from people with disabilities than what they can learn from us."

Cloete says the moment he sat down in the wheelchair he felt something was wrong with him. "I realised that I am no longer part of people who could walk normally. Everybody looked at me differently and I was initially afraid that I won't be able to manoeuvre the wheelchair properly." Luckily he could easily wheel the chair around, but definitely not without a few challenges.

"It was a struggle to get into my office without bumping into the door frame. When I had to make a cup of coffee, I had to get help. I also ended up drinking my coffee in the kitchen because I wasn't prepared to tackle the ride to my desk with hot coffee in hand. And while I usually heat my lunch, I was forced to eat it cold because I could not reach the microwave."



Prof Eugene Cloete during a meeting in his wheelchair.

Photos: JUSTIN ALBERTS

So what would he like able-bodied people to realise? "Go out of your way to accommodate people with disabilities. You have no idea what power a friendly face can have in helping someone out of isolation. See them as normal people with extraordinary abilities. Just think of all the things we take for granted."

Cloete says SU is purposefully working towards creating an inclusive environment for students and staff to unleash their full potential.

Upgrading the infrastructure to ensure that students and staff with disabilities are accommodated is an integral part of the Campus Master Plan. He admits, however, that much still needs to be done.

"We must make an effort to think differently. Freedom of movement is extremely important and society as a whole is making things more difficult. By not putting much thought into how we design buildings to provide easy access, we are basically limiting their life opportunities," Cloete says.

"I want us to have empathy and add value to each other's lives. I truly believe that we can learn more from

people with disabilities than what they can learn from us."

- In May, Cloete was appointed to the board of the National Water Research Commission by the Minister of Water and Environmental Affairs, Edna Molewa.



Prof Cloete on the way to his office in his wheelchair.

Fiela se inspirasie

Maties Gemeenskapsdiens (MGD) se program vir Volwasse Onderrig en Opleiding (VOO) het al vele suksesverhale opgelewer, waarvan Fiela Snell, 2013 se topleerder, een is. LYNNE RIPPENAAR-MOSES vertel meer.

Vir Fiela Snell van Kayamandi het MGD se VOO-program baie beteken en vir haar deure help oopmaak waarvan sy nooit kon droom nie. "Maar natuurlik hang alles van jouself af – jy skryf in en jy moet die harde werk doen. Tog het ek al gesien hoe baie leerders inskryf en 'n maand of twee later sien jy hul stoele is leeg."

Maar Snell het deurgedruk en onlangs is sy aangewys as die top VOO-leerder by 'n seremonie in Idasvallei. Sy het haar vlak 4-sertifikaat, gelykstaande aan graad 9, voltooi en vier A's behaal met 'n gemiddelde persentasie van 80%.

"Ek wou al lankal terugkeer skool toe en my studies voltooi, want ek het nooit destyds skool klaargemaak nie. Toe ek by Pick n Pay op Stellenbosch begin werk het, het 'n werker daar vir my van die VOO-program vertel wat sy voltooi het. Ek het toe meer gaan uitvind," vertel dié ma van twee kinders, dogter Conré (18) en seun Clinton (9).

Snell is een van talle wat danksy die VOO-program verder studeer om hul kans te verbeter om werk te kry of bevorder te word. Elke jaar registreer meer as 250 leerders om hul vlak 1 (gelykstaande aan graad 3), vlak 2 (graad 5), vlak 3 (graad 7) en vlak 4 te voltooi.

Die program, wat meer as 20 jaar bestaan en onder die vaandel van die Departement Hoëronderwys en Opleiding aangebied word, is in twee dele, naamlik die akademiese program en die vaardighedsontwikkelingsprogram.

Laasgenoemde bied opleiding in kralewerk, kookkurse, videoopleiding en rekenaaropleiding, sowel as lewensvaardighedsopleiding met betrekking tot dwelmmishandeling, bendegeweld, mensehandel, MIV/vigs, selfvertroue en tienerswangerskap.

Omdat die VOO-program 'n sterk ontwikkelingsfokus het, is die kundigheid wat aan kliënte oorgedra word toegespits op gemeenskapsbehoefte en om 'n kultuur van entrepreneurskap onder gemeenskapslede te bevorder.

Volgens Linda Jacobs, projekbestuurder van die VOO-program,

fokus die verskeie vlakke op vyf leerareas – Afrikaans, Engels, lewensoriëntering, aanvullende gesondheidsorg, asook reis en toerisme.

